# LAERSKOOL WIERDAPARK
## SKOOLREëLS

### 1. ALGEMEEN

Die skoolreëls het ten doel om vir alle betrokke partye 'n geordende en veilige omgewing te skep. Skoolreëls bevorder 'n kultuur van onderrig, studie, versoening en wedersydse respek.

Redelikerwys word aanvaar dat die skoolreëls nie elke moontlike gebeurlikheid of situasie by die naam kan noem nie. Die interpretasie en toepassing van die skoolreëls word gerig deur die etos van die skool.

Skoolreëls geld tydens en buite skoolure op die skoolterrein en elders waar leerders die skool verteenwoordig, byvoorbeeld tydens uitstappies en sport- en kultuuraktiwiteite.

### 2. DISSIPLINERING

Dissiplinering word toegepas wanneer skoolreëls oortree word, onder andere deur middel van die demerietestelsel.
Ernstige oortredings kan lei tot 'n leerder se skorsing of uitsetting. Dit sluit in (maar is nie beperk tot nie): dwelmverwante aktiwiteite, diefstal, vandalisme, aanranding, gevaarlike wapens (besit, gebruik of dreigement), misdrywe van seksuele aard, kriminele oortredings, onwelvoeglike gedrag en taalgebruik, rassisme, oneerlikheid tydens assessering en herhaalde oortreding van die skoolreëls.
Konfiskering en deursoeking van leerders se eiendom en visentering mag in ooreenstemming met die Skolewet uitgevoer word.

### 3. SKOOLURE

Die skool begin elke dag om 07:30. Leerders moet op die laatste om 07:25 by die skool wees.

SLUITING:

| GRAAD | Ma. | Di. | Wo. | Do. | Vr. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 en 2 | 13:00 | 13:00 | 13:00 | 13:00 | 13:00 |
| 3 | 13:30 | 13:30 | 13:30 | 13:30 | 13:15 |
| 4 – 7 | 13:50 | 13:50 | 13:50 | 13:50 | 13:15 |

Skoolure kan aangepas word, byvoorbeeld op die dag dat die skool sluit vir vakansie.
Leerders wat nie by amptelike naskoolse aktiwiteite betrokke is nie, moet die terrein direk na skool verlaat.
Graad 1- en 2-leerders moet na skool by die wagklas wees en mag nie elders op die terrein speel nie.

### 4. WEDERSYDSE OPTREDE

Personeel, medeskoliere en besoekers aan die skool moet met respek behandel word.
Groet elkeen vriendelik en kyk die persoon in die oë.
Persone in gesagsposisies, byvoorbeeld onderwysers en leiers, moet gehoorsaam word.
Leerders mag mekaar nie byname gee of op enige wyse beledig nie.
Leerders moet ander se eiendom respekteer.
Verlore eiendom wat opgetel word, moet by die kantoor ingegee word.
Leerders mag niks aan ander leerders verkoop nie, behalwe tydens geleenthede wat deur die skool gereël is.
Stamp, pootjie, baklei of afknou van enige aard is verbode.
Ongeoorloofde fisiese kontak tussen seuns en dogters word nie toegelaat nie.

### 5. AFWESIGHEID

Die afwesigheidsbeleid moet streng gevolg word en moet ter wille van volledigheid geraadpleeg word.
Volgens wet is alle leerders skoolpligtig en moet afwesigheid tot die minimum beperk word.
Indien 'n leerder onvoorsiens (byvoorbeeld weens siekte) afwesig is, moet die ouer die skool voor 08:00 die oggend in kennis stel. Op die leerder se eerste dag terug by die skool moet 'n brief met die rede vir afwesigheid vir die registeronderwyser gegee word. 'n Doktersbrief moet voorgelê vir afwesigheid van 3 dae of langer.
Afwesigheid (vir die volle skooldag of 'n gedeelte daarvan) weens 'n voorsienbare rede moet vooraf met die graad se departementshoof gereël word. Die nodige dokumente moet minstens 'n dag voor die tyd voltooi en ingedien word.
Beserings of siekte tydens skoolure moet by die graadhoof aangemeld word.
'n Leerder wat die skoolterrein verlaat, moet die nodige dokumente by die kantoor indien en moet uitgeteken word deur die persoon wat die leerder kom haal.
Leerders mag nie self hul ouers bel om hulle by die skool te kom haal nie.
Die leerder moet op die eerste dag terug by die skool reëlings tref om agterstallige assesserings en werk in te haal.
Geen leerder mag (met of sonder die ouers se medewete) stokkiesdraai nie.

## 6. SKOOLTERREIN

Die skoolterrein is 'n alkohol-, dwelm- en rookvrye gebied. Enige vorm van sigaret (elektronies ingesluit) of rookmateriaal is verbode.
Elke leerder is medeverantwoordelik vir die netheid van die geboue en terrein.
Selfone en ander elektroniese apparaat (byvoorbeeld tablette) moet tussen 07:30 en 13:50 afgeskakel wees.

Leerders mag NIE...

- die skoolterrein tydens skoolure sonder toestemming van die departementshoof verlaat;
- kougom kou;
- drankies met 'n hoë kaffeïeninhoud gebruik;
- met toerusting of apparaat, byvoorbeeld grassnyers, klanktoerusting, ligte, ensovoorts peuter;
- voor, tydens of na skool sonder toestemming of toesig van 'n onderwyser in die volgende gebiede op die terrein wees: personeel se parkeerareas, tennisbane, pawiljoen, klaskamers, saal, personeelkamer en kantore;
- kortpad deur die ingangsportaal neem of die kantoorblok onnodiglik besoek;
- skooleiendom beskadig; of
- badkamers wat nie aan die leerder se betrokke graadgroep toegewys is, gebruik nie.

## 7. VEILIGHEID

Die teenwoordigheid van enige vreemde voorwerp of ongemagtigde persoon moet dadelik aan 'n personeellid gerapporteer word.

Leerders mag NIE...

- items van vreemdelinge ontvang;
- op die stoepe of tussen geboue hardloop;
- medisyne aan mekaar verskaf;
- kontakspeletjies speel of gevaarlike aktiwiteite beoefen;
- met harde balle (byvoorbeeld krieket- of hokkieballe) speel, behalwe tydens sportgeleenthede;
- gevaarlike speelgoed (soos klappers, voëlrekke, waterpistole en messe) of troeteldiere skool toe bring;
- met fietse, rolskaatse, skopfietse, skaatsplanke of enige vorm van wieletjietoerusting (rolstoele uitgesluit) ry;
- oor of op heinings of mure klim;
- oor stoeprelings hang of klouter;
- in bome of op dakke klim;
- klim-en-klouterapparaat buite skoolure gebruik of binne skoolure sonder toesig gebruik;
- gevaarlike items soos klippe en ander harde of skerp voorwerpe gooi;
- in afgesperde of potensieel gevaarlike gebiede wees, byvoorbeeld waar werkers besig is, gras geplant is; of
- buite die gebied wat toegewys is, speel nie.

## 8. AANTREE EN KLASWISSELING

Wanneer die klok aan die begin van die skooldag of na pouse lui, moet leerders vinnig na hul klasse of aantreeplekke beweeg.
Voor skool en aan die begin van pouse moet die leerders hul tasse by die volgende periode se klas plaas.
Tydens klaswisseling moet die leerders vinnig en ordelik beweeg en mag daar nie geraas word nie.
Die riglyne vir klaswisseling moet gevolg word.

## 9. KLASKAMERGEDRAG

Elke leerder moet...

- bydra tot goeie orde wat die leer-en-onderrigproses ondersteun;
- die klasomgewing skoon hou deur rommel te verwyder (herwin waar moontlik) en die klas soos versoek deur die onderwyser skoon te maak;
- aan die einde van 'n periode op bevel van die onderwyser oppak en ordelik verdaag;
- tafels, stoele en apparaat op hul plek laat; en
- tydens afkondigings stilbly, aandag skenk en op afkondigings reageer.

Leerders mag NIE...

- tydens klastyd sonder die onderwyser se toestemming buite die klas wees;
- in die klas eet sonder die onderwyser se toestemming;
- elektroniese apparaat hê wat tydens klastyd ontwrigting veroorsaak (apparaat sal gekonfiskeer word); of
- op banke krap of die klasomgewing op enige manier beskadig nie.

## 10. Persoonlike eiendom

Die skool neem nie verantwoordelikheid vir leerders se eiendom nie.
Items (byvoorbeeld klere, tasse en sporttoerusting) moet duidelik gemerk wees met die leerder se naam en van.

## 11. Tasse

Slegs stewige tasse met afskortings en waarin boeke nie verniel nie, word toegelaat.
Wieletjietasse of sleeptasse, veral die harde soort soos die Caddy, beskadig die skool se stoepe en trappe. Vanaf 2017 word wieletjietasse nie meer toegelaat nie. Ouers word gevra om dus nie sulke tasse te koop nie, maar eerder die soort wat op die rug of in die hand gedra kan word.
Tasse moet gemerk wees met die leerder se naam en van.
Tasse wat bekrap of bemors is, word nie toegelaat nie.
Glasbottels mag nie in tasse gepak word nie.
Geen leerder mag in 'n ander se tas krap, daarmee peuter of die tas wegsteek nie.
Leerders moet hul tasse op voorgeskrewe plekke plaas. Tydens saalopening en sangperiodes moet tasse by die registerklas geplaas word.
Aan die begin van pouse word tasse geplaas by die klas waar die leerder direk na pouse klas het.
Tydens klastyd moet tasse voor die betrokke klas geplaas word.
Tasse mag nie lukraak op die terrein neergesit word of aan die onderkant van trappe opgehoop word nie.

## 12. Handboeke

Handboeke moet opgepas en ooreenkomstig die voorskrifte met goeie plastiek oorgetrek word.
Verlore of erg beskadigde handboeke moet deur die leerder vervang word of die voorgeskrewe vervangingsbedrag moet by die vakonderwyser inbetaal word, afhangend van die reëling wat die skool in dié verband tref.

## 13. Skooldrag

Volledige skooldrag word gedra tydens alle geleenthede waartydens leerders die skool verteenwoordig.
Die voorskrifte vir skooldrag moet streng nagekom word.
Ouers word versoek om skooldrag by die amptelike verskaffers te koop ten einde eenvormigheid te verseker.
Klere moet duidelik aan die binnekant gemerk wees.
Leerders mag nie op klere skryf nie.
Reënbaadjies is nie deel van die amptelike skooldrag nie. Die vergunning is dat leerders op reëndae donkergroen reënbaadjies mag dra. Die reënbaadjies vervang egter nie die skoolbaadjie nie en mag nie gedra word op dae dat dit nie reën nie. Kleredragverskaffers het gewoonlik die donkergroen reënbaadjie in voorraad.
Serpe, musse en handskoene: slegs groen (skooldrag se skakering) of wit.
Geen klere buiten skooldrag mag sigbaar wees nie (byvoorbeeld frokkies of "second skins" wat aan die bokant van hemde uitsteek of waarvan die lang moue by 'n kortmouskoolhemp gedra word).
Wieriepette mag tydens skoolure gedra word, maar nie in die klaskamer nie.

2016 is 'n oorgangsjaar vir die nuwe skooldrag wat in 2017 volledig ingefaseer word. Raadpleeg die webblad of Communicator vir die skooldragvoorskrifte.

## 14. Voorkoms

### *Haarstyle*

**Dogters**:

Hare moet skoon en netjies wees.
Hare wat op die kraagrand hang, moet vasgemaak word.
Hare moet stewig vasgemaak wees.
Kleure van haarbykomstighede: linte: geel, groen of wit; haarbande: geel, groen, wit, bruin of swart; haarrekkies: geel, groen, wit of swart; kammetjies en bolletjies: bruin of swart; knippies: bruin, swart of silwer.
Geel of groen haarbykomstighede moet by die skooldrag se skakering pas (byvoorbeeld geen neonkleure nie).
Die volgende is NIE toelaatbaar nie:

- Kuif wat aan die wenkbroue raak;
- Hare wat in die oë hang;
- Oordadige haarbykomstighede;
- Vals vlegsels of haarstukke;
- Hare wat uitermate van die kop wegstaan;
- Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word (oftewel "undercuts");
- Gekleurde hare - dit sluit strepe in;
- Fratsstyle; en
- Haarprodukte wat die hare in 'n ongewenste styl of onnatuurlik laat vertoon.

**Seuns**: Hare moet skoon, kort en netjies wees.
Hare moet skoongeknip wees om die ore.
Hare moet agter reëlmatig opgesny wees.
Die volgende is NIE toelaatbaar nie:

Kuif wat aan die wenkbroue raak wanneer dit vorentoe gekam word;
Hare wat aan die kraag raak;
Hare wat in die oë hang;
Hare wat aan die ore raak wanneer die hare regaf gekam word;
Haarstukke;
Hare wat uitermate van die kop wegstaan;
Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word (oftewel "undercuts");
Gekleurde hare - dit sluit strepe in;
Fratsstyle; en
Haarprodukte wat die hare in 'n ongewenste styl of onnatuurlik laat vertoon.

### *Algemeen*

Voorkomsreëls (byvoorbeeld vir hare, naels, grimering en juwele) geld steeds op dae dat leerders gewone klere mag aantrek.
Ontoelaatbare klere op dae dat leerders gewone klere mag dra:

**Dogters**: broeke wat korter as kniebroeke is, hempies met veterbandjies, klere wat op enige manier onwelvoeglik is (byvoorbeeld: deurskynend, styfpassend of met lae hals).
**Seuns**: moulose frokkies wat baie uitgehol is (byvoorbeeld mousgate wat laag uitgehol is), lyfkettings of onwelvoeglike kleredrag

Geen hangertjies word toegelaat nie. Geen ring mag in die tong, neus, lip of wenkbrou gedra word nie.
Seuns mag nie ringe dra nie. Dogters mag een goue of silwer seëlring dra en slegs aan die ring- of middelvinger.
Armbande word toegelaat slegs as dit mediese besonderhede of 'n veiligheidsnoodnommer bevat en die amptelike armband van sodanige instansie is. Armbande mag slegs geel of groen (skooldrag se skakerings), swart, wit, bruin of silwer wees.
Seuns mag nie oorbelle dra nie. Dogters mag een paar goue of silwer knoppies of klein ringetjies dra. Geen steentjies of pêrels van enige aard word toegelaat nie. Oorbelle moet in die onderste gaatjie van elke oor gedra word.
Slegs amptelike skoolwapens en -balkies mag aan lapelle gedra word.
Naels moet kort en skoon wees en mag nie oor die vingerpunte steek nie.
Geen naellak of grimering word toegelaat nie.
Skoene moet altyd skoon wees.